# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I1.10. Vol. 71. Pg 3785 - 3826.

SAAKNOMMER: CC 482/85 DELMAS

1986-04-25

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRUGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

71

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 71

(Bladsye 3785 - 3826)

COURT RESUMES ON 25 APRIL 1986.

JEREMIA MOTSOENING, still under oath

MR BIZOS : I have spoken of zone 6 which does not appear on the photograph.

COURT : I was looking for this.

MR BIZOS : It is an alternative name for Residensia.

COURT : Is that by agreement?

MR BIZOS : If My Learned Friend ... (Court intervenes)

COURT : Then we write in on page 2 of the key to EXHIBIT AAR(1) behind the word Residensia - we will do it in Afrikaans because this is in Afrikaans " Ook bekend as gebied 6."

MR BIZOS : And whilst I am about it, Your Lordship will see the road running west to east on the nortern side of Small Farms. That is Selbourne Road.

COURT : I am sorry, I am not entirely au fait as to the borders of Small Farms. The bus route is Selbourne Road?

MR BIZOS : That is Selbourne Road. That is the road that runs ... (Court intervenes)

COURT : Is that by agreement? Is dit so? Ek wil dit nou op my kaart aanteken?

MNR. FICK : Ek weet nie. Ek sal moet vasstel.

HOF : Dan sal ons net eers bietjie wag.

MR BIZOS : When the witness said to Your Lordship that he made a mistake, he did in fact make a bona fide mistake. I do not want to take advantage of it. When he mentioned that Union Road - that is the road that runs also west/east on the northern side of the Evation Administration buildings.

COURT : Is that by agreement?

MR BIZOS : I do not know.

COURT : That has to be determined.

MR BIZOS : The other is that the road that was described by

... / the

the two witnesses as the march having taken place, is Vilakazi Road.

COURT : Yes, but we have no certainty which road they followed. Whether they followed the one on the easter side of Block 53 or on the western side of Block 53.

MR BIZOS : I submit that it was fairly clear on the evidence and perhaps we have the advantage that we are told, but nevertheless, we will leave it at that. So that the questions that I put to the witness may be more intelligible to Your Lordship.

COURT : I would like to write down the names, but I am hesitant of doing that until there is certainty on the names of the streets.

MR BIZOS : I will use them and when the State is ready, we will put them on the map.

CROSS-EXAMINATION BY MR BIZOS (continued) : Mr Motsoening, I want you to please have a look at an aerial photograph.

COURT : Have you seen aerial photographs before? -- No.

This is the first one you see in your life? -- Yes, something similar to this. It is the first time I see it in my life, except the maps which I know have been typed.

MR BIZOS : Will you please have a look at number 37 about in the middle of the page.

COURT : Have you ever been in an aeroplane? -- No.

Now you know what it looks like from an aeroplane and Mr Bizos, if there is no clarity, do not waste too much time on this.

MR BIZOS : Do you see 37? -- Yes, I do.

That is the Evaton Administration Buildings. -- Yes.

Do you see number 1 which is just a little bit to the bottom of 37. There is a number 1 and an arrow pointing to a place? -- Yes, I do.

... / That

That is the Roman Catholic Church, Small Farms? -- Yes.

Are you with us now? -- Yes, I am.

And do you recall that you told His Lordship that there is a vlei between the two? -- Yes.

Do you see the green line from just on top where it is written 1 and the arrow is - do you see the green line going towards ... (Court intervenes)

COURT : When you start talking of green lines, the green line on my exhibit, which is the official one, differ from the green lines on yours . Unless you sort this out immediately( you cannot use green lines.

MR BIZOS : What am I to do?

COURT : I will adjourn and you can by agreement either corre mine or correct yours. We cannot go on in this way. It is not your fault, but we cannot have an incorrect impression on the record.

MR BIZOS : Perhaps that would be the best thing to do.

WITNESS STANDS DOWN.

COURT ADJOURNS. COURT RESUMES.

COURT : I see my exhibit is still in the same condition? (

MR BIZOS : Your Lordship's one was correct.

Do you remember that we showed you 37 which is the Evat Administration Board? -- Yes.

When you first went to the Catholic Church, Small Farms, number 1, now that the roads have been named, would you mind telling His Lordship how you went to Small Farms from 37 to point 1?

COURT : May I just interrupt you. Is there agreement on the names of the roads now?

MR BIZOS : Yes. (

COURT : Which names are they?

... / MR BIZOS

MR BIZOS : They are written on.

From 37 to number 1 on the map before you, would you please tell us how you went there? -- From 37 I turned left into the road marked Union and then the first corner I turned left again, leading to Selbourne from where I turned left again and then proceeded to point number 1 which is the Roman Catholic Church.

Did you after you told us what you saw and you spoke to the person there at the Roman Catholic Church, did you follow the same route back to the Evaton Administration offices or did you take a different route? -- Yes, but before joining the same road back from 1, I turned right into the road marked with a green pen. Just before coming to the intersection of the two green marked roads, there is a street there. I turned right leading me back in the direction from where I came again, I turned right to cross Selbourne Road straight back to Union Road where I turned right again and again right into the premises of the Administration Board.

Let me just put to you directly without trying to take up too much of Your Lordship's time. Let me ask you the question directly. Are you suggesting that the crowd that was at point number 1, was the crowd or part of the crowd that went to the bottle store and Administration buildings in Zone 7 or can you not say? -- I do not know.

Because you see, what I am going to put to you, is this. That you have got the - well, let me put it to you, that the crowd you saw at number 1, did emerge from the Catholic Church onto Selbourne Road? -- Yes.

And it went up to the point where Selbourne Road changes its name to Nyembezi Road.

MNR. FICK : Kan ek net meld, die name waarop ooreengekom is

... / is

is die Selbourne en Union paaie en Vilakazi.

HOF : Nie hierdie een nie?

MNR. FICK : Ek sal hom nie betwis nie.

HOF : Maar as daar nie duidelikheid is waar presies die Straat se naam verander nie, gaan ons moeilikheid kry.

MNR. FICK : Die Staat sal dit erken formeel, want ek weet daar was gepraat daaroor, maar daar was nie formeel ooreengekom dat dit aangebring sal word op enige kaarte nie. Die beskuldigdes het dit op hulle kaart self aangebring.

HOF : Maar u het nie beswaar daarteen nie?

MNR. FICK : Ons het nie beswaar daarteen nie.

HOF : En Sebe, is julle dit daarmee eens? Is dit Sebe of Seme?

MNR. BIZOS : Seme.

HOF : And Vilakazi, does that become the P88? Any way, let us not make it too involved.

MR BIZOS : My Learned Friend agrees that that is Vilakazi Road up to the spot where it goes across the open space.

COURT : Mr Motsoening, tell me, do you understand this thing? -- Yes, I do.

While we are discussing this, when you stood at the Administrative offices 37 and you looked in the direction of the church 1, you saw a crowd emerging from the church premises? -- Yes.

On the map, on the photograph, what route did they take? -- Along this route.

What route? -- That is from the church to the right.

What is the name there? -- It is Selbourne Road and along the way it changes to Nyembezi Road.

How far did they continue along Selbourne Road? -- They went along Selbourne Road up to the point of the Commissioner's building where they then disappeared and I could not see them.

... / Where

Where is the Commissioner's building? -- If I see this proper, next to 14 there is a circle, a red circle, just between the circle and Nyembezi Road there is a building. That is the building I am talking about.

I am sorry, I have not got a red circle here.

MR BIZOS : Could I help. It is the little triangle in red to the right as we are looking to the photograph.

COURT : I have not got a triangle in red. Make an X on that photograph and hand it to me. We will number it. Our last number is 60. This will be 61. This is the Commissioner's office. It lies just to the east of Vilakazi Road and just to the south of Nyembezi Road. It is marked 61 on EXHIBIT AAR(1).

MR BIZOS : And next to the Commissioner's office are there those white lines which are the bus sheds? -- Yes.

And do you agree that ... (Court intervenes)

COURT : Wait a moment, Mr Bizos, I am still asking the witness on what he saw. So, you saw them walk up to along Selbourne, Nyembezi Road up to the point where they reached the Commissioner's office? -- Yes.

Does the Commissioner's office front on Selbourne Road or does it front on Nyembezi Road? Do not look at that aerial photograph. Put it upside down and just tell me what the facts are.-- It is facing Selbourne Road.

Now why did you need to look at the exhibit to know that? -- I thought perhaps it was going to be clear when I look at the photograph.

Forget about this photograph. When they came to the Commissioner's office, did you go beyond it, did they pass it in Selbourne Road or did they turn off before they came to the Commissioner's office? -- They turned to their right

.. / just

just before passing the Commissioner's building.

So, did they go down Vilakazi Street? -- Yes, that is the street.

And where did you lose sight of them? -- Immediately when they turned into that street, they then disappeared from my sight, because that is now zone 8.

Did you see them again? -- No, I did not.

MR BIZOS : At what time would you say did you see them turning into Vilakazi Road, the road that goes slightly uphill towards Houtkop? -- I would say at about 07h35 or 07h40.

Well, I am going to put to you that your evidence in relation to that time is wrong. That this procession of people left the Catholic Church later?

COURT : How much later?

MR BIZOS : Certainly after 08h30?

COURT : Yes, but how much later? It can be 10h00 or 12h00.

MR BIZOS : No.

COURT : But the accused were there.

MR BIZOS : Yes, some of the accused were there. In the same way as witness cannot give a precise time.

COURT : Yes, but you cannot tell me it is after 08h30 and then do not tell me before what? Between what and what?

MR BIZOS : Certainly after 08h30 towards 09h00? Are you in a position to dispute that? That it was nearer to 09h00 than 08h30? -- I am not quite certain of the time, but still, if I am trying to recollect, I still maintain it was between the time I mentioned 07h35 and 07h40.

I am going to put to you that the evidence of the accused will be that it was nearer to 09h00 and that as far as my memory serves me, the two State witnesses that we have had up to now, have mentioned a similar time.

... / COURT

COURT : Are we speaking of the same group?

MR BIZOS : Well, I am putting it that there was only one group.

COURT : The two State witnesses did not give the same time. The one put it at between - if you work it out - 11h00 and 12h00 and the other one between 09h00 and 09h30.

MR BIZOS : 11h00 and 12h00? I do not recollect.

COURT : Reverend Mahlatsi. So, I do not think you can rely too much on that.

MR BIZOS : But what I am relying is on is what the accused assure me to be the position that it was round 09h00. In any event, when you saw the people emerging from the church and going up Vilakazi Street, how long before or after that happening were you called upon to go to the - to see or help the position at zone 7? -- About twenty minutes.

And is it correct that you went there by car and hurriedly? -- Yes.

And is it correct that when you got there, a portion of the buildings there was already on fire? -- Yes.

And you do not know for how long it had been on fire, before you got there? -- That is so.

And you were there after called to places where there was trouble at the Administration block and at the house of Mr Rabotape? -- Yes.

Do you agree that there was trouble at those subsequent places and that they are in the opposite direction to the direction that you saw the group leaving the Roman Catholic Church disappearing into Vilakazi Street? -- Yes.

They were all to the north - they were all spots well to the north of the Catholic Church buildings and the people that you saw going into Vilakazi Street, were going in a

... / southerly

southerly direction? -- Yes.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - - -

MNR. JACOBS : Die volgende getuie wat ek roep is Johannes Adriaan Schickerling Crous.

JOHANNES ADRIAAN SCHICKERLING CROUS, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Crous, u is 'n majoor in die Sasol Kommando en is as sulks ook 'n bestuurder van 'n helikopter? -- En ligte vliegtuig.

Op Maandag, 3 September 1984, het u vir diens aangemeld by Vanderbijlpark Vliegveld? -- Dit is korrek.

Om 07h00 van Maandag, die 3de, het u opdrag ontvang om op te styg met 'n helikopter? -- Ek het opdrag ontvang om op te styg met 'n ligte vliegtuig, nie met 'n helikopter nie.

Wat was u opdrag?-- Om verkenning te doen oor die Swartwoongebiede van Bophelong, Boipatong, Sebokeng, Evaton en Sharpeville. Die rede vir die opdrag was aan my gegee dat daar onlus besig is om plaas te vind in die plekke.

Het u kommunikasieverbinding gehad met die veiligheidsmagte op die grond? -- Dit is korrek.

Wat moes u doen dan as u verkenningswaarnemings doen? -- As ek waarnemings doen, dan moes ek teruggerapporteer het aan die veiligheidsmagte op die grond, waar en hoe die onlus plaasvind.

Onmiddellik na u opstyging, wat het u gedoen? -- Onmiddellik na opstyging, die Bophelong Swartwoongebied is reg langs die vliegveld, het ek om 07h00 oor die lokasie gesirkel, oor die Swartwoongebied Bophelong en verkenning gedoen. Onmiddellik het ek opgemerk dat daar reeds mense op straat is met kwaadaardige bedoelings, want hulle was besig om klippe

... / te

te gooi na huise en daar het ook groepvorming plaasgevind. Ek het waargeneem dat daar insidente van klipgooiery ook was na huise.

Het u dit so gerapporteer? -- Ek het dit toe so gerapporteer.

Hoe lank het u daar gesirkel? -- In die omgewing van omtrent vyf na sewe minute.

Waarheen is u toe? -- Toe is ek na Boipatong toe. Ek het by Boipatong gearriveer omtrent 07h13 na 07h15 toe.

Het u ook daar waarnemings gedoen? -- Daar het ek onmiddellik waargeneem dat die Administrasiekantoor reeds die vorige aand, die vorige nag afgebrand is.

Kon u die gebrande gebou sien? -- Ja. Daar was groter groepvorming en beweging in die strate, asook insidente van sporadiese klipgooiery. Daar het ek ook opgelet vir die eerste maal dat polisievoertuie met klippe gegooi is.

Enigiets nog? -- Van daar af is ek toe verder. Dit is toe gerapporteer na die grondmagte toe en van daar af is ek verder na Sebokeng toe. In die omgewing van 07h20 het ek oor Sebokeng gesirkel. Daar was reeds baie groter groepvorming daar. Etlike duisende voetgangers was reeds op straat. Wat baie duidelik was is dat die busverkeer uit die gebied onttrek was en besig was om te onttrek. Daar was ook ander voertuie met klippe gegooi asook polisievoertuie en hulle was reeds in 'n redelike groot stadium van groepvorming daar gewees. Wat duidelik merkbaar was, was dat daar insidente met polisievoertuie was, voertuie wat met klippe gegooi was. Daarvandaan het ek oorbeweeg na Evaton toe. By Evaton was die bedrywigheid ... (Hof kom tussenbei)

<u>HOF</u> : Hoe laat was u by Evaton? -- Ek was ongeveer 07h25 daar. Daar was baie groter bedrywigheid en groepvorming was

... / reeds

reeds in die stadium wat dit moontlik syfers van vyfhonderd na seshonderd per groepe bereik het. Daar is ook waargeneem net soos in Sebokeng dat daar reeds huise aan die brand gesteek is.

Het u 'n huis aan die brand gesien in Sebokeng? -- Dit is korrek. Ek het dit nie genoem daar nie. Dit was duidelik dat die mense of die groepe in Evaton besig was om te beweeg na die winkelsentrum daar, wat deur die Asiate besit word daar. Dit het ek ook aan die veiligheidsmagte gerapporteer. Wat op hierdie stadium baie waarneembaar was, dat hierdie mense besig was tot daar by Evaton om op te vorm. Dit het voorgekom op daardie stadium al dat hier 'n georganiseerde organisasie is, dat die mense op 'n stadium in die dag in duisende aan die oproer gaan deelneem. Van daar af is ons toe oor na Sharpeville toe.

As u nou praat van die georganiseerde opvorming, wat beteken dit nou? -- Ek sou sê dat - moontlik kan ek dit vir u so verduidelik, dat daar 'n groep was, dat daar aanhoudend voetgangers na die groep toe was. Dit het so voorgekom asof die groepe op sekere punte vergader en dan word byvoeging gedoen deur voetgangers wat soontoe beweeg.

Het u dit net waargeneem in Evaton of het u dit ook elders waargeneem? -- Ek kan vir u noem dat ek het van Boipatong af - was daardie tendens reeds sigbaar.

By al die plekke waaroor u nou getuig het? -- Korrek. Wat ook duidelik was, op daardie stadium dat die geïsoleerde gevalle van klipgooiery en huisbrand op 'n minder - op 'n laer vlak was en dat soos ek aangegaan het na - as u die roete ken daarso, van Boipatong af om, Sebokeng, Evaton na Sharpeville toe, dan sal u verstaan as ek sê dat dit al gelyk het, hoe verder ek gegaan het en hoe meer die tyd verloop het, hoe

... / meer

meer het die groepvorming en klipgooiery en daardie tipe aksies geïsoleer. Wat ook baie duidelik was is dat baie meer mense uit hulle huise uitgekom het om aan die straataksies deel te neem. Wat ook baie duidelik was was dat op daardie stadium baie van die werknemers wat beweeg het na hulle werke toe, hetsy in Vanderijlpark of Vereeniging en dit was opsigtelik dat niemand uit die Swartwoongebiede in daardie rigting beweeg het op daardie stadium om te werk nie. Al afleiding wat ek daar kon maak was dat hierdie hele, kom ons noem dit gewelddadige optrede 'n totale georganiseerde aanslag was.

MNR. JACOBS : Na Evaton het u gesê het u beweeg na Sharpeville toe? -- Korrek. Mag ek net noem dat dit wou ook voorgekom het dat baie mense in hulle huise gebly het en nie in die straat beweeg het en nie aan die optogte deelgeneem het nie.

U sê u het na Sharpeville toe beweeg. Hoe laat was dit ongeveer toe u by Sharpeville gekom het? -- Ek het ongeveer by Sharpeville gekom 07h40. Daar het dit onmiddellik geblyk dat die onrus baie meer drasties was as in die ander Swartwoongebiede. Die strate was vol voetgangers. Daar was geen verkeer hoegenaamd in die strate nie. Die wat wel in die strate was, was toe reeds uitgebrand of stukkend gegooi. Dit sluit privaat voertuie in, busse en enige van hierdie Kombi's wat hulle vir huurmotors gebruik. Daar was op daardie stadium reeds baie, baie groot groepvorming.

HOF : As u sê dit sluit privaat voertuie, busse en Kombi's in, is dit nou die wat uitgebrand is of die wat nie in die strate was nie? -- In die strate het wel al vier van daardie klasse gestaan, ek wil net daarby voeg SAP voertuie ook. Dit wou voorgekom het asof die onrusstokers onwillekeurig ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

MR BIZOS : I must object to the commentary that the witness

is making from time to time. I had no objection, with the greatest respect, to his describing what he saw, but he is making comments and expressing opinions which are unwarranted from a witness in his position in my respectful submission.

HOF : U word versoek om net die feite te gee wat u gesien het. As u gevra word om 'n afleiding te maak, wag totdat die advokaat vir die Staat vir u vra om 'n afleiding te maak. Dan kan ons debatteer of dit geregverdig is. -- Goed.

MNR. JACOBS : Het u ook hier teruggerapporteer wat u hier waargeneem het? -- Ek het ook teruggerapporteer aan die veiligheidsmagte.

U het waargeneem daar is geen verkeer wat beweeg - geen normale verkeer wat beweeg nie? -- Hoegenaamd nie.

HOF: Was hier groepvorming of was hier net 'n klomp voetgangers op die strate? -- Daar was voetgangers op die strate en groepvorming.

MNR. JACOBS : Wat het u toe gedoen? Het u nou daar u waarneming gedoen en het u daardie deel toe verlaat? -- Ek het Sharpeville dorpsgebied nie verlaat voor na 08h00 nie.

HOF : Het u bly sirkel tot na 08h00? -- Korrek.

MNR. JACOBS : En kon u waarneem wat dan gedoen word daar onder? Daar was nou groepvorming en daar was nie verkeer nie, wat die mense doen, die groepe? -- Die groepe het onwillekeurig opgetree.

Wat bedoel u daarmee? -- Omdat as 'n mens dit in die terme moet beskryf dat hulle onwillekeurig na huise begin klippe gooi het. Op 'n later stadium het hulle selfs padblokkades en so meer in die strate opgerig.

HOF : 'n Mens rig seker nie 'n padblokkade onwillekeurig op nie, jy doen dit met opset? -- Verskoon, dit is nie 'n padversperring nie. Hulle het dit met opset begin oprig.

... / MNR. JACOBS

MNR. JACOBS : So, hulle het dan willekeurig gehandel eintlik? -- Ekskuus?

Die woord willekeurig wat u gebruik het, is dit eintlik willekeurig wat u bedoel? -- Ek sal dit vir u so stel, dat kom ons sê X groep beweeg. Dan sal hulle onmiddellik uitmekaar gaan en sommer alles kry wat hulle kan kry, klippe uit tuine uit en enige voorwerp. Dan gooi hulle dit in die straat in. Dit was enersyds willekeurig, maar andersyds, soos die Engelsman sê, het hulle opgetree "on the spur of the moment." Dit het so voorgekom.

Kan u vir ons sê die massas daar onder, die groepe, wat het hulle gedoen? Het hulle maar net daar gestaan of het hulle na sekere spesifieke plekke toe gegaan of wat het hulle gedoen? -- Hulle het heen en weer beweeg.

Wat het hulle gedoen daar? -- Soos hulle aangegaan het, het hulle hierdie klipversperrings opgerig enersyds en andersyds het hulle sommer huise met klippe bestook en daar was 'n groot groep op pad na die Administrasiekantore in die middel van die dorp ook.

Kon u sien wat hulle doen toe hulle by die Administrasiekantore kom? -- Daar het hulle net begin vergader op daardie stadium.

MNR. BIZOS : Is ons nog in Sharpeville? -- Dit is korrek.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT ) Dit is vir my nie duidelik nie, wat u bedoel met die woorde willekeurig en onwillekeurig. Dit laat my in die duister. -- Kan ek dit vir u so stel dat 'n groep sal beweeg moontlik met 'n doelwit om sê na die Administrasiekantore toe te beweeg. Dan sal hulle sommer net daar stop, uitmekaar spat en alles vat by die huise en op straat gooi, enige stoele en net wat hulle kan kry, op straat gooi, dan sal hulle 'n padversperring daar oprig.

... / Dan

Dan beweeg hulle verder. Dan sal hulle moontlik sommer klippe begin optel en die huise bestook.

MNR. JACOBS : Sommer enige huise of is dit net party? -- Dit wil so voorkom of dit enige huise was. Ek weet nie of dit moontlik amptenary se huise was of polisiehuise nie.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Kan ons net vra, as so 'n groep - u sê sommer skielik begin goed bymekaar maak in die pad, doen al die lede van die groep dit gelykertyd? -- Dit is asof die groep begin maal. Sommige sal aanbeweeg, sommige sal dit doen, sommige sal begin klippe gooi. Dit is hoekom ek die woord onwillekeurig gebruik het.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Dit is willekeurig? -- Of willekeurig dan.

Hulle kies elkeen wat hulle self wil doen? -- Korrek.

Dit is willekeurig? -- Willekeurig.

MNR. JACOBS : Wat het daarna gebeur? Wanneer is u weg van Sharpeville af? -- Ek het aanhoudend gerapporteer wat daar gebeur het en van die omgewing van omtrent 08h00 wou dit vir my voorgekom het of die situasie ontplof het. Met die radionetwerk wat ons gehad het, was daar 'n ontsettende eskalering van polisie-optredes.

Nadat u die berigte op die radio ontvang het, hoe het u beweeg? Het u nog volgens 'n vaste patroon beweeg soos nou? -- Nee, toe het ek glad nie volgens 'n patroon beweeg nie. Ek het toe terugbeweeg na Sebokeng toe, want soos ek sê, die optrede op die grond het geweldig geëskaleer. Toe is ek terug Sebokeng toe, Evaton toe en terug Boipatong toe en Bophelong en toe het ek geland om weer brandstof in my vliegtuig te sit, maar dit was vir my baie duidelik dat ongeveer 08h00 die wêreld ontplof het daarso.

Wat bedoel u met ontplof? -- Die hele onrussituasie het

... / geweldig

geweldig geëskaleer en dit nie spesifiek net in Sharpeville nie, maar Sebokeng, Evaton, Boipatong en Bophelong ingesluit.

Wat het u toe gemerk as u sê hy het nou so ontplof? -- Dit wil vir my voorgekom het of daar tot 08h00 'n tipe van 'n pre-organisasie periode was ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

MR BIZOS : With the greatest respect, this witness is expressing opinions on matter on which he has not qualified himself to express an opinion. Let him describe what he saw and Your Lordship can draw the inferences if the description is accepted. The witness is so obviously speaking to a brief, that it becomes necessary for us to object from time to time.

HOF : U het nou twee keer 'n beswaar gehad. In elk geval, die tweede beswaar is baie geregverdig. U moet die getuie behoorlik lei.

MNR. JACOBS : Ek het probeer vasstel wat het hy bedoel as hy sê die groepe het ontplof.

HOF : Dit isin orde dat u vasstel wat die groepe gedoen het en ook dat hy 'n vreeslike bedrywigheid oor die radio waargeneem het. Dit is heeltemal in orde maar die afleidings of die georganiseerd of ongeorganiseerd was, kan ek self van die feite maak.

MNR. JACOBS : Ek stem saam. Ek probeer net die feite kry. Kan u vir ons sê die groepe, soos u daar gesirkel het op die verskillende gebiede, wat het die mense gedoen daar? Het hulle enigiets gedoen teenoor geboue, mense of iets? Laat ek dit dan liewers so stel. Kan u sê het u op daardie stadium gemerk dat daar plekke aan die brand gesteek word? -- Daar was beslis meer plekke aan die brand gesteek op daardie stadium.

Waar u dan nou so gevlieg het oor die plekke, kon u sien wat dit is wat brand, is dit sekere spesifieke huise of geboue? -- Ek sou sê hulle eerste doelwit met brandstigting

... / was

was die Administrasiekantore. Daar is ook huise gebrand.

Kan u sê die getalle wat toe nou voorgekom het van brande? -- In Sebokeng op daardie stadium drie.

En wat het verder gebeur? Het u gesien of daar nog brande gestig word? -- Toe het ek oorbeweeg na Boipatong wat onderkant Sebokeng lê. Daar was toe ook ʼn bedrywigheid van meer klipgooiery, maar daar was op daardie oomblik toe nog nie huise aan die brand gesteek nie.

Terwyl u daar gesirkel het, kan u sê was daar toe huise aan die brand gesteek of nie? -- Nee, op Boipatong het hulle op daardie stadium toe nog nie weer huise aan die brand gesteek nie.

Wat het u waargeneem oor die ander twee plekke, Sharpeville en Boipatong, Bophelong? -- Van Boipatong af het ek terugbeweeg na Bophelong toe wat in ʼn lyn lê na die vliegveld wat in lyn lê om te gaan brandstof ingooi.

Wat het u waargeneem omtrent gebeure daar in die gebiede? -- Op daardie stadium was ook meer beweging. Daar was toe ook op daardie stadium huise aan die brand gesteek gewees.

U het toe gaan land en brandstof ingegooi? -- Dit is korrek. Ek het gaan land en brandstof ingegooi.

Hoe laat was dit toe ongeveer? -- Ongeveer 08h40.

<u>HOF</u>: Kan ek net ʼn bietjie meer duidelikheid kry. Wat is u in die gewone lewe? -- Ek is ʼn lid van die Weermag.

Voltyds? -- Ja.

Ken u die gebied goed uit die lug, die Lekoa gebied? -- Kom ek stel dit vir u so, ons doen reeds verkenning in daardie area van 1982 af.

Dus, u ken die geboue as u hulle uit die lug sien? -- Ek sal nie sê al die geboue nie.

Die Administratiewe gebou? -- Ja.

... / Kan

Kan u vir my sê, in die tyd watter Administratiewe geboue het gebrand in Sebokeng met hierdie vlug? -- Op daardie stadium het ek nog nie in Sebokeng een waargeneem nie, maar waar ek wel waargeneem het was in Boipatong, waar die geboue afgebrand is.

Al die vorige nag? -- Dit is korrek.

Met hierdie vlug het u geen Administratiewe geboue wat brand raakgeloop nie? -- Nee, hoegenaamd nie.

Is dit oor al die gebiede? -- Korrek.

Het u enige ander geboue wat aan die Administrasieraad behoort gesien brand in hierdie tyd? Of wat aangeval word dan? -- Ek kan vir u noem in die winkelgebied of die koopsgebied van Sebokeng daar 'n gebou was waar hullebbesig was om die omheining te verwyder. Dit was 'n sementomheining en hulle was besig om dit om te trek.

Ek het gedink u het gesê daar was in Sebokeng - die eerste brandstigtings was die Administratiewe kantore? -- Dit was Boipatong, nie Sebokeng nie. Kyk, Boipatong s'n was uitgebrand gewees.

Dus op hierdie vlug het u basies waargeneem aanvalle op huise met klippe en aanvalle op voertuie, onder andere polisievoertuie met klippe, padversperrings en so meer. U het geen Administratiewe kantore gesien brand behalwe dat Boipatong s'n al uitgebrand was nie. Het u aanvalle gesien op Administratiewe kantore, met klippe of wat ook al? -- In Sharpeville.

Wat u gesien het op hierdie vlug wat gebrand het, was dit privaat woonhuise? -- Korrek.

Kan u sê waar dit was, in watter gebiede? -- In Sebokeng was dit gebied 7.

En elders? -- En gebied 13.

... / Elders

Elders? -- In Evaton ken ek die zones nie so goed nie. Ek kan die rigting noem.

Sê maar net wat gebrand het in Evaton? -- 'n Huis.

Een huis? -- Ja, op die noord/westelike hoek van die dorp.

In Gebied 7 was dit 'n huis en in gebied 13 een huis? -- Korrek.

Of was dit meer as een? -- Een in elkeen.

En dan verder, u het nou Sebokeng en Evaton gehad. Is dit al wat gebrand het? -- In daardie area op daardie stadium, ja.

In Bophelong? -- Bophelong?

Sharpeville? -- In Sharpeville het beslis 'n huis gebrand.

En Bophelong nie? -- Nee.

In Boipatong weet ons het vantevore al die Administratiewe kantore gebrand? -- Net die Administrasieraadskantore.

Dit is nou met hierdie vlug al wat u gesien het? Daar is nie biersale of iets wat brand nie? -- Nee.

Nie op hierdie stadium nie? -- Nie op hierdie stadium nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

JOHANNES ADRIAAN SCHICKERLING CROUS, nog onder eed.

MNR. JACOBS : Net voor ons begin, beskuldigdes nrs. 6, 14 en 20 is weer vir mediese behandeling weggeneem op versoek van die verdediging. Blykbaar is daar net twee uit.

HOF: Wie is nou hier en wie is nie hier nie?

MNR. JACOBS : Dit lyk vir my nr. 14 is nie hier nie en nr. 20 is nie hier nie. Beskuldigde nr. 6 is dan hierso. Hy sou ook gegaan het. Ek weet nie wat is die rede nie.

HOF : Dit word aangeteken dat beskuldigdes nrs. 14 en 20

... / afwesig

afwesig is en dat die saak intussen in hulle afwesigheid voortgaan.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Majoor, die inligting wat u aan die veiligheidsmagte gegee het van die vliegtuig af, is dit op 'n bandopname geneem of is daar enige notas gemaak van wat u nou beskryf? -- Nee, dit is net oor die radio gegee.

Was daar geen rekords gehou van u observasie nie? -- Hoegenaamd nie. Dit is operasionele beriggewing.

Wanneer het u 'n nota of 'n skriftelike rekord gemaak van u waarnemings vir die heel eerste keer? -- Dit is nie ons gewoonte om van operasionele vlugte skriftelike rekords van ons waarnemings te hou nie.

Die vraag is, wanneer het u vir die heel eerste keer enige nota of enige skriftelike verklaring gemaak in verband met u waarnemings van die oggend van 3 September 1984? Wanneer was dit die heel eerste keer? -- Ek kan vir u noem dat na die gebeurtenis, was die lede van die veiligheidspolisie by my gewees... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Die vraag is?... -- Toe het ek 'n verklaring gedoen. Dit was net om te rugsteun dat ek aan die operasie deelgeneem het.

Hoe lank na 3 September? -- Ek kan nie presies onthou nie.

Dae, weke, maande, jare? -- Dit behoort dae te wees.

'n Skriftelike verklaring? -- Dit is korrek.

Waarin u beskryf het wat gebeur het? -- Baie kortliks nie in detail nie, hoegenaamd nie. Hulle wou net bevestiging hê dat ek aan die operasie deelgeneem het.

Wat u byvoorbeeld in Boipatong gesien het, is dit in die verklaring wat u dae na die gebeurtenis gemaak het

... /neergeskryf

neergeskryf of nie? -- Nee.

Dit is die eerste verklaring wat u gemaak het dae na die 3de en daar is geen detail in daardie verklaring in verband met u waarnemings nie, nie waar nie? -- Dit is korrek, maar hulle het my nie daarvoor gevra in elk geval nie.

Het u ooit 'n verdere verklaring gemaak in verband met u waarnemings op die 3de? -- Die enigste verklaring was, ek het lugfoto's geneem uit die vliegtuig uit en ek het 'n stel van die lugfoto's ingehandig.

Het u lugfoto's daardie oggend geneem? -- Gedurende die tydperk van 3 tot 10 September wat die onrus opgehou het.

Nee, ons praat net van die dag van die 3de van die reis van u van 07h00 tot 08h30, het u foto's op daardie oggend geneem of nie? -- Ek het een of twee geneem.

Waar is hulle? -- Hulle is in besit van my advokaat.

U advokaat? -- Of die advokaat.

Die Staatsadvokaat. My Lord, they are not readily available, but we would like to see them with respect. Behalwe daardie - hoeveel foto's is daar? -- Daar was ongeveer vir daardie dag vier.

Van watter omgewing? -- Van Sebokeng en Sharpeville omgewing.

HOF : Toon die foto's ook die tyd aan waarop dit geneem is? -- Nee.

Maar hierdie vier is deur die hele dag geneem? -- Hierdie vier is spesifiek van 08h00 of sê van 07h00 tot ongeveer 08h30, toe ek gaan land het, geneem.

MNR. BIZOS : U sê dit is van Sebokeng en waarvan nog? -- Sharpeville.

Maar wanneer het u enige ander verklaring gemaak in verband met u waarnemings vroeg die oggend van die 3de? --

... / Ek

Ek het geen ander verklaring gemaak nie.

Laat ek dit so aan u stel. U het die Hof verseker dat Boipatong se Administratiewe kantore is gedurende die nag - laat ek dit so stel, dat dit voor 07h00 die oggend van die 3de afgebrand is? -- Dit is die waarneming wat ek gedoen het.

Hoe seker is u dat daardie versekering aan Sy Edele reg is? -- Ek kan net verklaar wat ek gesien het.

Maar hoe seker is u dat dit wat u aan Sy Edele gesê het in verband met die Boipatong se Administratiewe kantoor - hoe seker is u van die feit? -- Ek was seker volgens die waarneming wat ek gedoen het.

Is u nog seker dat u waargeneem het dat die Administratiewe kantoor van Boipatong voor 07h00 die oggend afgebrand was? Is u seker daarvan? -- Dit is volgens my oordeel wat afgebrand was.

Nee, kyk, dit het ek u nie gevra nie. -- Ek is seker.

En u ken die plek goed. Weet u op watter - laat ek dit so stel, in Boipatong, het u enige aanvalle gesien by enige huis of enige ander gebou voor 08h00 die oggend? -- Ek het wel gesien dat hulle met klippe gooi na huise.

In Boipatong? -- Korrek.

Hoe laat het u gesien dat 'n huis aangeval is by Boipatong voor 08h00? -- Ek het oor Boipatong gevlieg ongeveer 07h10.

En u sê te 07h10 was daar 'n groep mense wat op huise klippe gegooi het? -- Korrek.

In watter deel van Boipatong het dit gebeur? -- Ek sou sê in die noord/westelike hoek.

Het ek u getuienis korrek verstaan dat u het daarna, na die 3de, ook oor die gebied gevlieg? -- Ons het gevlieg tot ongeveer die 10de.

Nee, ons praat van u? -- Ekself, ja.

... / En

En is u seker dat daar geen verwarring is met wat op die eerste dag gebeur het en miskien wat op die tweede dag gebeur het? -- Volgens my oordeel nie.

Dra u enige kennis van waar die biersaal te Boipatong is? -- Dit is amper langs die Administrasieraad se kantore in die noordelike hoek.

Het u enige aanval op daardie biersaal gesien? -- Daardie biersaal het later heeltemal uitgebrand.

Wanneer was dit? -- Dit was die middag van die 3de. Ek kan nie vir u die presiese tyd sê nie.

Hoeveel keer het u oor die gebied die oggend gevlieg? -- Ek het eenkeer gevlieg tot omtrent 09h00.

Net een keer? -- Ja, daardie oggend en ongeveer 11h00 weer.

Hoeveel keer het u dieheele dag oor die gebied gevlieg? -- Twee keer.

Net twee keer?-- Korrek.

Die een was so 07h00 se kant en die ander 11h00 se kant? -- In daardie omgewing, ja.

En as ek aan u stel dat die Administratiewe gebou van Boipatong tussen 10h00 en 11h00 die oggend aangeval is, wat sal u sê? -- Ek sal dit aan u so stel, dat volgens my waarneming ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Wat sê u, sal daardie stelling korrek of inkorrek wees? -- Korrek met moontlik 'n byvoegsel, as ek dit mag doen.

Ja, wat is die byvoegsel? -- Dat die aanval op sulke geboue sporadies was en dat die brande -as jy vat, die Administrasiegebou het deur die dag gebrand. Jy kon nie spesifiek sê hy is nou aan die brand gesteek nie, ten minste jy kon sê hy word nou aan die brand gesteek, maar na 'n tyd het die mense teruggekeer en weer brande gestig waar hulle kon daar.

... /In

In die omgewing van die gebou ook.

U sien, dit mag miskien so wees in sekere gevalle, maar u het die Hof verseker dat vroeg die oggend die Administratiewe gebou alreeds uitgebrand was. Dit was u getuienis. -- My getuienis was dat die gebou aan die brand was en ek bly by daardie getuienis staan.

07h00 die oggend alreeds die gebou aan die brand was en dit was uitgebrand, u kon sien en Sy Edele het vir u gevra - ek weet nie of dit Sy Edele of die aanklaer was nie, maar die aanklaer het vir u gevra en u het gesê dat u kon sien dat dit die vorige nag alreeds uitgebrand was. Ek stel dit aan u dat dit nie gebeur het tussen 10h00 en 11h00 die oggend van die 3de nie. Wat sê u daarvan? -- Ek bly by die standpunt dat daardie gebou reeds die vorige nag geplunder was.

Ek wil 'n ander voorbeeld aan u noem. U het gesê dat u het gesien die oggend dat 'n sekere huis by zone 13 aan die brand was. Is dit reg? -- Korrek.

Hoe laat sou sê het u 'n sekere huis in Zone 13 gesien wat aan die brand was? -- Ongeveer 07h20.

Ek wil aan u stel dat daar geen huis wat die oggend van die 3de in zone 13 aan die brand gesteek was nie? -- Dit was my waarneming gewees en ek bly daarby.

In watter ander zone was daar 'n huis of huise gebrand? -- In zone 7.

In die oggend? -- Korrek.

Tussen 07h00 en 08h30? -- Korrek.

Is u seker daarvan? -- Ek is seker daarvan.

By enige ander zone? -- Het ek hoegenaamd geen huise opgemerk wat gebrand het nie.

HOF : Hoe kan u bepaal watter gebied dit is wat u oor vlieg? Staan dit op die kaart? -- Dit staan op die kaart

... / aangeteken

aangeteken. Die gebiede is al so aan ons bekend dat ons weet dit is zone 13, dit is zone 14. Ons vlieg al van 1982 - verskeie male het ons verkenning in daardie gebied gevlieg.

MNR. BIZOS : Is u seker dat die Administrasiegebou in Boipatong op die noordelike hoek van Boipatong is? -- Ek het vir u genoem die biersaal is op die noordelike hoek van Boipatong.

In watter deel van Boipatong is die Administrasiekantore? -- Dit is van die noordelike hoek af meer na die middel toe. Ek het nie die kaart beskikbaar nie. As ek een gehad het sou ek vir u gewys het.

Ek wil dit aan u stel dat in Boipatong daardie oggend, vroeg die oggend daar 'n groot aantal mense by die Administrasiegebou was wat vir hulle pensioen gewag het om uitbetaal te word? Wat sê u daarvan?-- Ek bly by my waarneming dat daar groot getalle mense was en dat daardie gebou vir die Bantoe-administrasieraad, die werklike gebou, nie meer bestaan het nie.

En daar is geen ruimte vir enige verwarring nie. U ken die Administrasiegebou goed? -- Volgens my oordeel, ja.

HOF : Hier is 'n kaart, 'n lugfoto BEWYSSTUK AAR(3). Sal u net kyk op daardie lugfoto. Op party plekke is daar 'n syfertjie aangebring. As daar nie 'n syfertjie aangebring is by die Administratiewe kantore nie, plaas vir ons 'n kolletjie by die Administratiewe kantore met hierdie rooi pen. -- (Getuie dui aan op lugfoto)

Daar is 'n kring gemaak waar die getuie sê die Administra-
K225 tiewe kantore is, 'n rooi kring op AAR(3). -- Mag ek weer vra, versoek u my om die biersaal en die Bantoe-administrasie ... (Hof kom tussenbei)

U het gepraat van die Administratiewe kantore wat gebrand het. Dit is wat u moes aandui. -- Ek het vir u die

... / biersale

biersale daar afgemerk. (Getuie trek verdere kring op kaart)

Die kring wat u nou daar getrek het, is dit die Administratiewe kantore of is dit die biersale? -- Dit is die biersaal.

Het hy nou afgebrand? -- Ja, later is hy afgebrand.

Waar is die Administratiewe kantore? -- Dit is van die biersaal af suid.

Suid hoe ver? -- Ek sal sê 3 kilometers, in die middel van die dorp.

MNR. BIZOS: U is gevra om 'n sirkel by die Administrasiegebou te maak. -- Dit is korrek.

Waarom het u 'n sirkel om die plek gemaak wat u sê die biersaal is? -- Ek was moontlik verwar gewees.

Verwar? Wel, ek wil aan u stel dat daar 'n verdere verwarring is omdat u 'n sirkel om 'n kleuterskool gemaak het. -- Dan was ek verkeerd.

Sal u aanvaar dat die sirkel wat u wel gemaak het 'n kleuterskool is ver van enige biersaal of Administrasiegebou? -- As dit so is, dan aanvaar ek dit.

HOF : Ja, maar het die kleuterskool - het daardie plek gebrand of het hy nie gebrand nie? -- Nee, hy het nie gebrand nie.

Nou maar waarom maak u 'n kol daar? -- (Geen antwoord)

MNR. BIZOS : Sal u nou weer probeer om die Administrasiegebou sonder enige verwarring aan die Hof uit te wys? -- (Getuie dui aan op kaart)

HOF : Die kol is gemaak waar die syfer 1 op die kaart staan.

MNR. BIZOS : Na u vir ongeveer twee minute na die foto gekyk het, het u uiteindelik die Administrasiegebou uitgewys. Sal u asseblief die biersaal probeer uitwys op die kaart? -- (Getuie dui biersaal aan op kaart)

... / HOF

HOF : Die biersaal is uitgewys geheel aan die westekant van die dorpsgebied aan die suidekant van die groot oop terrein waardeur die verskillende voetpaadjies loop.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Wes van die Administrasiegebou is lang geboue wat soos vuurhoutjies lyk van bo af. Langs hulle?

HOF : Net suid van die rooi busroete. Die mees westelike gebou suid van die rooi busroete.

MNR. BIZOS : Ek wil aan u stel dat die biersaal heeltemal aan die teenoorgestelde kant is. Sal u asseblief kyk waar die syfer 5 verskyn? Dit is amper antipolies, as dit in Afrikaans gebruik word, van die plek waar u die biersaal uitgewys het.

HOF : Verstaan u die vraag? -- Ek verstaan, ja. Ek het die verkeerde gebou uitgewys.

MNR. BIZOS : Nie net die verkeerde gebou nie, maar heeltemal die verkeerde gebou op die heeltemal verkeerde kant van die dorp? Is dit nie so nie? -- Dit is reg.

Kan ons dit verkort en sê u het geen idee, u kan nie onthou wat u wel daardie oggend waargeneem het in enige detail nie? U het net 'n algemene prentjie daar gesien? -- Ek het nie 'n algemene prentjie gesien nie. Ek het die gebeurtenisse wel gesien gebeur.

HOF : Wel, is dit nie 'n billike afleiding om te maak van wat ons nou hier gehoor het dat u nie in staat is om uit die lug afsonderlike geboue behoorlik te identifiseer nie? -- In die geval is dit korrek.

MNR. BIZOS : Op hierdie basis sal ek nie verder gaan met die plekke wat u sê u uitgeken het nie, om tyd te spaar. Daar is sestien foto's aan my gegee en wat gesê word op die 3de geneem was.

MNR. JACOBS : Nee, ek het nie gesê dit is die 3de geneem

... / nie

nie. Ek het al die foto's geneem, ek weet nie wanneer is wat geneem nie. Ek het dit net gegee soos dit daar is.

HOF : Die getuie het gesê daar is vier foto's deur hom geneem op die 3de tot 09h00.

MNR. BIZOS : Ek is gesê dat party van hulle is op die 3de geneem. Asseblief, u moet net aanvaar dat bo-op elkeen van die foto's wat aan my gegee is, die datum 3 September 1984 voorkom.

HOF : Dit is nie dalk duplikate wat u het nie?

MNR. BIZOS : Nee.

HOF : Is dit almal verskillend?

MNR. BIZOS : Dit is almal verskillend. Weet u van enige rede waarom u nie gevra was om die foto's te identifiseer in u hoofgetuienis nie? -- Die rede is dat ek die foto's oorhandig het aan die mense van die Administrasieraad en dat hulle die area self goed ken. Ek het hoegenaamd nie datums op die foto's geskryf of geïdentifiseer nie.

HOF : U het nie die datums op die foto's geskryf nie? -- Nee, ek het nie.

Moontlik is die datums verkeerd? -- Die datums is moontlik verkeerd.

MNR. BIZOS : Ek sal vir u die bundel foto's wys. Ek sal u vra om asseblief vir ons te sê watter van die foto's op die 3de geneem is? Sit net asseblief die foto's eenkant wat vroeg die oggend geneem is, die foto's wat moontlik later geneem is en die foto's, wat alhoewel 3 September daarop voorkom, moontlik op 'n ander datum geneem is? Sorteer dit asseblief net uit in daardie drie groepies. -- U wil die foto's hê wat op die 3de geneem is?

Luister net, asseblief. Foto's wat vroeg die oggend van die 3de geneem is deur u, die foto's wat moontlik later

... / deur

deur u geneem is op die 3de en die foto's wat moontlik op 'n ander datum geneem is, alhoewel daar neergeskryf is dat hulle op die 3de geneem is? -- (Getuie groepeer foto's)

Sal u asseblief met Sy Edele se toestemming die eerste klomp foto's wat vroeg die oggend geneem is ... (Court intervenes)

<u>COURT</u> : Before we are starting handing in photo's, let us just be certain what we are talking about. Ek wil nie hoor van 'n foto waar u onseker van is, of dit later geneem is nie, net dié wat u absoluut seker van is dat u dit daardie oggend by die eerste rit geneem het. As u twyfel, moet u nou vir ons sê, want ons gaan bewysstuknommers daaraan gee en dit merk. As u seker is, gaan hy in, maar as u nie seker is nie, wil ek hom nie hê nie. -- Ek is seker oor hierdie twee.

<u>BEWYSSTUKKE AAR(6) EN (7)</u>.

<u>MNR. BIZOS</u> : Kan u aan die Hof sê waar u <u>AAR(6)</u> geneem het en waar u <u>AAR(7)</u> geneem het? -- <u>AAR(6)</u> is ongeveer in die middel van die woonbuurt Sharpeville.

En <u>AAR(7)</u>? -- Dit is ongeveer in die suid/oostelike hoek.

Maar ook die hoofstraat? -- Hierdie is die hoofpad.

<u>ASSESSOR (MNR. KRÜGEL)</u> : Is nr. 7 ook Sharpeville? -- Ja, hulle is altwee Sharpeville.

<u>MNR. BIZOS</u> : Hoe laat min of meer is die twee bewysstukke geneem? -- Dit was in 'n bestek van twee ure, van 07h00 tot 09h00.

En op <u>AAR(7)</u> is daar of 'n bushalte of 'n terminus aangedui. Is dit korrek? -- Dit is korrek.

Ken u Seeisostraat goed daar? Dit is die hoofstraat in Sharpeville? -- Dit is die hoofstraat in Sharpeville. Dit is reg.

Toon altwee die bewysstukke Seeisostraat, Sharpeville

... / aan

aan? -- Ek is seker van die een.

En die ander? -- Ek kan dit bloot beskryf as die middel van die dorp.

Sal u saamstem dat op albei foto's daar geen padversperrings is wat voorkom nie? -- Dit is korrek, daar is geen padversperrings wat daar voorkom nie.

En ook die mense op albei foto's is nie enige vaste groep nie. Daar is net mense op die pad wat lyk of hulle in die algemeen in groepies van twee of drie of vyf was, behalwe by een plek waar daar 'n soort van 'n sirkel is op BEWYSSTUK AAR.(c). Sal u saamstem met daardie beskrywing? -- Ja, ek het die foto's geneem net om beweging aan te dui in die strate.

Is dit die mense wat orals op die strate beweeg het? Is die foto's wat u nou aangetoon het, 'n korrekte prentjie van die algemene manier waarop mense daar rondbeweeg het? -- Die foto's is net om aan te toon dat op daardie spesifieke plek die mense ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Maar is die foto's 'n algemene verteenwoordiging van die algemene prentjie? -- Ek kan dit so aan u stel, nee.

Waarom het u onverteenwoordigende foto's geneem? Waarom het u foto's van die buitengewone gebeurtenis geneem en nie van die gewone gebeurtenis nie? -- Enersyds moes ek vlieg met een hand en met die ander hand met 'n kamera sit. Ek kan dit net so vir u stel dat daardie foto's was vir my die beste sig van bo af om die foto's te neem.

U weet, ek wil dit aan u stel, dat die foto's die teenoorgestelde prentjie aantoon wat u probeer het met ontoelaatbare getuienis in u hoofgetuienis aan die Hof te gee? -- Ek sê dit weer dat hierdie foto's nie 'n verteenwoordigende prentjie is nie.

Maar as iemand nou twee foto's in Sharpeville neem, waarom

sou iemand foto's neem wat nie die algemene prentjie verteenwoordig nie? -- Dit het met my so gebeur.

Waarom het u geen melding gemaak van die feit dat die foto's geneem is voor ek u daaromtrent gevra het nie? -- Ek het gewag tot u my vra daaroor.

Maar waarom? My Geleerde Vriend, die aanklaer, het moeilikheid gehad om u terug te hou. Waarom het u nie melding gemaak toe u besig was om u storie te vertel en gesê "Ja, kyk, Edele, dit is nie vir my nodig om die ding te beskryf nie, ek het foto's geneem." Waarom is dit nie aan die Hof gesê nie? -- Bloot omdat die advokaat nie dit spesifiek gevra het nie. Dit was in sy besit gewees.

Ongelukkig kan ek nie vrae aan hom stel nie. Ek stel dit aan u.

HOF : Ja, maar u moet nie vrae aan die getuie stel wat die getuie nie kan beantwoord nie, maar mnr. Jacobs wel.

MNR. BIZOS : Sal u nou asseblief probeer onthou - hoe lank was u oor Sharpeville? -- Ongeveer twintig minute.

Van wanneer tot wanneer? -- Dit was ongeveer 07h40.

HOF: Wat wat gebeur het?

MNR.BIZOS : Wat die getuie oor Sharpeville was. Het u miskien 'n enkele polisievoertuig opgemerk wat op Seeisostraat gery het en besig was om traanrook en rubberpatrone af te skiet? -- Wat ek wel gesien het, was dat daar polisievoertuie beweeg.

Nee, 'n enkele polisievoertuig wat met Seeisostraat gery het en van tyd tot tyd traanrookpatrone en rubberpatrone gevuur het? -- Ek het bloot 'n polisievoertuig sien beweeg wat met klippe bestook is.

Is dit nie moontlik of kan iemand wat in 'n vliegtuig is die rook vermy of dit nie kan sien nie as dit van tyd tot tyd gevuur is op mense in Seeisostraat die oggend nie? --

... / Dit

Dit is baie moeilik waarneembaar, vernaam rubberpatrone.

Nee, ons praat nie van rubberpatrone nie. Ons praat van die traanrook? Het u dit gesien? -- Ek het dit nie opgelet uit die vliegtuig uit nie.

Hoeveel polisievoertuie het u op Seeisostraat sien beweeg gedurende daardie tydperk? -- Ek het een opgelet.

Net een? -- Korrek.

Op daardie stadium die oggend was daar enige versperrings op Seeisostraat of nie? -- Ek het versperrings - hulle was besig om versperrings ook op te rig.

Waar? -- In Seeisostraat.

Toe u daar 07h40 gekom het, het u enige versperrings op Seeisostraat opgemerk of nie? -- Toe ek daar gekom het, was hulle besig om materiaal nader te sleep om padversperrings op te rig.

In watter deel van Seeisostraat? -- Ek sou sê in die noordelike deel na die stadion se kant toe.

Was daar enige traanrook alreeds daar? -- Ek kon dit nie waarneem uit die vliegtuig uit nie.

Kan u asseblief nou vir ons sê watter foto's u geneem het op die 3de, maar op u tweede rit na die wooneplekke toe? -- Ek kan daardie spesifieke twee foto's onthou wat ek hier gewys het, maar daardie foto's is oor 'n periode geneem tot sê die 10de.

Wag net 'n bietjie. Ek het vir u gevra om die foto's te probeer sorteer in drie groepe. U het wel drie groepe gesorteer. Is dit nie so nie? Het u die foto's in twee verdere groepe uitgesorteer? -- Ek het netnou hierso toe u my gevra het.

Kan u onthou dat ek u gevra het om die foto's uit te sorteer in die eerste rit, die tweede rit en die ander daarna?

... / Waar

Waar is die foto's van die tweede rit?

HOF: Tweede vlug.

MNR. BIZOS : Tweede vlug? -- (Getuie sorteer foto's uit)

Hoeveel verdere foto's het u van die tweede vlug? -- Ek het twee.

Is hulle ook op die 3de geneem? -- Dit is korrek.

Van watter deel van die woongebiede is hulle geneem? -- Dit is van Sharpeville.

HOF : Dit sal wees BEWYSSTUKKE AAR(8) EN AAR(9).

MNR. BIZOS : Watter deel van Sharpeville is AAR(8)? Kan u onthou? -- Dit is in die omgewing van die burgersentrum.

Hoe laat is dit geneem? -- Enige tyd tussen 09h00 en 11h00. Ek kan nie 'n spesifieke tyd gee nie.

In watter deel van Sharpeville ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Laat ons nou net duidelikheid kry. Ek het begryp dat u van omtrent 07h00 tot 08h40 in die lug was die eerste keer? -- Dit is korrek.

Ek het begryp dat u toe weer om 11h00 opgestyg het? -- Dit is korrek.

Nou hoe het u dan die foto geneem tussen 09h00 en 11h00? -- Verskoon tog, ek is self 'n bietjie deurmekaar. Dit is in die 11h00 se vlug.

MNR. BIZOS : En sal u asseblief vir ons beskryf waar u AAR(9) geneem het? -- Dit is in die hoofstraat in die middedorp.

Is die burgersentrum ook op Seeisostraat? -- Nie volgens my wete nie. Ek weet net dit is in die noord/westelike hoek.

Sal u saamstem dat daar op altwee bewysstukke geen padversperrings voorkom nie? -- Ek mag vir u noem dat in Seeisostraat daar alreeds 'n uitgebrande kar op die pad gestoot is, wat deel uitmaak van 'n padversperring.

Laat ons aanvaar dat daar een uitgebrande kar is en dit

... / mag

mag 'n padversperring wees? Stem u saam dat in die algemeen daar geen padversperrings op die foto's voorkom nie? -- Voorwerpe op die pad gegooi net agter die kar.

Ja, maar in die algemeen, stem u saam dat daar geen versperrings is nie? Dat die pad nie vol padversperrings is sodat voertuie nie op 'n vrye manier daarop kon beweeg nie? -- Hier is voorwerpe die hele pad vol gegooi, volgens hierdie foto.

Waar? -- Hierso. (Getuie dui aan)

Ek wil dit aan u stel dat u 'n sekere klein of baie klein wit kolletjies op AAR(9) en u sê dat dit padversperrings is? -- Daardie kolletjies kan kaste wees en sulke goed wat op die pad gesleep is.

Laat ons die ander elf foto's na kyk. Ek wil u vra, dra u kennis van enige ander vlieënier wat op die 3de opgestyg het of nie? -- Al kennis wat ek dra is dat daar later Lugmag-helikopters daar gekom het.

Het u al die foto's aan die ondersoekbeamptes oorhandig? -- Dit is korrek. Alles wat ek geneem het.

Nee, al die foto's insluitende die elf wat die derde groep vorm? -- Ek het alles aan die ondersoekbeampte oorhandig.

Insluitende hierdie elf? -- Alles.

Wanneer? -- Dit was ook 'n tyd na die insident daarso. Dit was 'n versoek dat ek die foto's wat ek geneem het aan hulle moet oorhandig en toe het ek.

Is dit waarom u al die foto's geneem het? -- Dit was nie my spesifieke doel nie.

Die rede waarom u al die foto's, die vier wat nou alreeds ingehandig is en die ander elf wat u persoonlik aan die ondersoekbeampte oorhandig het, was dit omdat u ook die elf foto's wat ek in my hand het en wat nog nie ingehandig is nie, aan

... / die

die ondersoekbeampte oorhandig omdat u die foto's ook geneem het?

HOF : Ek het verstaan u praat van sestien foto's?

MNR.BIZOS : Ja, dit is elf en vier.

HOF : Elf plus vier is nie sestien nie

MNR.BIZOS: Ek sal dit net weer tel. Dit is elf. Kan ek die sestien na vyftien verander.

HOF : Die totale aantal foto's is vyftien. Is dit korrek? -- Dit is korrek.

En die vraag is, of u almal geneem het wat ons hier het dié wat ingehandig is en dié wat mnr. Bizos nog oor het en of u almal van hulle oorhandig het aan die ondersoekbeampte? -- Dié wat ek geneem het, het ek dit aan die ondersoekbeampte, wat dit versoek het, oorhandig.

Die vraag is, hierdie wat ons hier het, is dit van u afkomstig of is dit dalk ander mense se foto's? -- Volgens my beweging is daardie almal van my afkomstig.

Is die foto's almal op die 3de geneem of is hulle oor die tydperk geneem? -- Hulle is oor die tydperk geneem. Daardie wat ek geïdentifiseer het kan ek sê is op die 3de geneem.

Wie se handskrif kom voor op die foto's? -- Ek is nie seker nie. Ek aanvaar seker die ondersoekbeampte. Ek weet nie wie het daar geskryf nie.

Dit is nie u handskrif nie? -- Nee, dit is beslis nie.

Kan u sê op watter datum u enigeen van die ander foto's geneem het? -- Nee.

Stem u saam dat die mense wat op die verskillende paaie op BEWYSSTUKKE AAR(8) en AAR(9) rondloop, op 'n heeltemal ongeorganiseerde manier blyk te wees? Stem u saam? -- U kan sien op die foto's dat die mense beweeg na 'n spesifieke punt toe. Dit is nie 'n dwarsdeur gelopery hier nie.

... / Maar

Maar was die mense op die tweede vlug, dit wil sê 11h00 op 'n soortgelyke manier? Het hulle op 'n soortgelyke manier rondgeloop? -- In daardie geval wat ek wel geneem het, ja, maar in ander gevalle was daar groepe gewees.

Is die foto's verteenwoordigende prentjies van hoe die mense rondgeloop het? -- Verteenwoordigend van die loslopende mense, nie van die groepies nie.

Waarom het u nie foto's van die groepe geneem nie? -- Op daardie stadium was ek moontlik besig om te vlieg of so iets.

Ja, wel, u was altyd besig om te vlieg.--Die teendeel is dat ek bloot getoets het of dit kan werk as ek foto's met 'n 35mm op 500 voet neem.

HOF: Was dit u eie kamera? -- Dit is korrek.

So, u het sommer u eie kamera saamgeneem en 'n paar foto's geneem? -- Dit is reg.

MNR. BIZOS : Wat van die mense wat besig was om klippe te gooi? Waarom is daar nie foto's van daardie mense geneem nie? -- Dit was nie my opdrag om foto's van daardie mense te neem nie. Dit was ook nie my oorweging nie, so ek het ook nie foto's van hulle geneem nie.

Wanneer is u vir die heel eerste keer gevra om getuienis in hierdie saak te gee? -- Maandagmiddag.

Van hierdie week? -- Van hierdie week.

Maandag van die week. Die heel eerste keer? -- Ja.

Voor daardie dag het u geen idee gehad dat u miskien getuienis in die saak moet gee nie? -- Glad nie.

En geen skriftelike verklaring is ooit van u geneem in verband met u getuienis nie? -- Buiten die skriftelike verklaring wat aanvanklik geneem is, toe die ondersoekbeampte net wou bevestig het dat ek daar gevlieg het. Dit is al.

... / HERONDERVRAGING

HERONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - -

MNR. JACOBS : Ek roep die getuie Johannes Phasha. Die getuie gaan ook getuienis lewer oor die 3de September met die gebeure by Mahlatsi se huis. Hy was 'n ooggetuie daar.

JOHANNES PHASHA, v.o.e. (Deur tolk)

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Johannes, jy is woonagtig in Sebokeng? -- Ja.

Die huishuur wat verhoog is, was jy ontevrede daaroor? -- Ek was tevrede.

Was jy tevrede om dit te betaal? --Ja.

Op 3 September 1984 die oggend was jy by jou huis gewees? -- Ja, ek was.

Het daar toe iets gebeur of het jy iets gehoor of gesien? -- Ja, iets het gebeur wat ek gehoor het.

Hoe laat was dit ongeveer?-- Om en by 07h00 of na 07h00. Ek is nie seker van die tyd nie.

Lank na 07h00 of net kort na 07h00? -- Ek is nie meer seker nie, want ek het nie na die tyd gekyk nie.

HOF : As u vir my vertel na 07h00, beteken dit voor 07h30 of kan dit enige tyd na 07h00 wees? -- Dit was na 07h00, enige tyd na 07h00.

Tot so laat as 12h00? -- Dit was nog in die oggend gewees. Dit was net na 07h00, maar voor 08h00.

MNR. JACOBS : Wat het jy gehoor? -- Ek het 'n geraas gehoor van mense wat geskreeu het.

Wat het hulle geskreeu? -- In die geskreeuery was die naam Mahlatsi genoem.

Was dit net een keer genoem of hoe is die naam genoem? Hoe is dit geskreeu? -- In hierdie geskreeu het hulle gesê

... / dat

dat hulle na Mahlatsi toe gaan.

En toe, wat het jy gedoen? -- Omdat ek in die huis was toe ek dit gehoor het, is ek uit die huis uit om ondersoek in te stel waar die persone is wat die geraas maak.

Wat sien jy toe? -- Ek het hulle gesien van om die hoek kom. Hulle was baie.

Het hulle in 'n straat om die hoek gekom? -- Ja, die straathoek.

Is jou huis op die hoek van die straat of waar is hy? -- Ja, my huis is op die hoek van die straat.

Het hulle om die hoek by jou huis gekom? -- Ja, om die hoek by my huis.

Van watter straat is dit waaruit hulle beweeg het en dan om die hoek gekom het? -- Hulle was van die rigting van die kantore van zone 11.

En toe hulle nou om die hoek gaan, watter straat het hulle ingegaan? -- Die straat lei na Mahlatsi se woning.

Mahlatsi in hierdie geval, is dit Mahlatsi, die burgemeester? -- Ja.

Wat gebeur toe? Wat let jy toe verder op? -- Toe hulle daar om die hoek gekom het, het Mahlatsi alreeds in die straat gestaan net voor sy woning. Ek neem aan hy het in die middel van die straat gaan staan as gevolg van die geraas wat hy gehoor het.

Maar jy het hom net in die straat opgemerk. Wat gebeur toe? -- Ja, toe ek hom gesien het, was hy alreeds in die straat gewees.

Ja? -- Die klomp wat om die hoek gekom het, het hom toe met klippe gegooi.

En toe? -- Hy het toe daarna begin skiet. Hulle het bly gooi na hom en hy het ook geskiet tot op 'n stadium wat die

... / ander

ander klomp van agter af gekom het.

Wat bedoel u met van agter af? -- As ek praat van agter, die ander klomp het van my hoek se kant af gekom en die ander een het van die ander hoek af gekom, dit wil sê die teenoorgestelde rigting.

Toe kom daar 'n tweede groep en is Mahlatsi toe tussen die twee groepe? -- Ja.

Wat gebeur toe? -- Toe hierdie klomp nou naby was, amper tot by die ander klomp, dit wil sê terwyl hy nog in die middel van die twee klompe was, het hy toe begin vlug. Dit is Mahlatsi.

Ja en toe? -- Nadat Mahlatsi gevlug het, het ek opgemerk dat sy huis aan die brand is.

Het die huis uitgebrand? -- Ja.

Wat het van die skare geword? -- Die skare het gevlug toe die polisie daar te voorskyn gekom het.

Jy self, het jy daar gebly of het daar iets gebeur? -- Ja, ek het daar agtergebly. Op 'n stadium het ek toe gehoor dat van die skare iemand sê dat hulle na my huis toe moet kom en die ander het geantwoord en gesê nee, dat hulle nie na my huis toe sal kom nie.

Het hulle gesê hoekom nie? --Nee, hy het nie gesê hoekom nie.

<u>CROSS-EXAMINATION BY MR BIZOS</u> : You told His Lordship that you were happy with the amount of rent that you were paying? -- I was not happy, but I was satisfied.

As an inspector in the employ of the Lekoa Town council you could hardly express dissatisfaction, could you? -- I could.

Well, do you agree that you are an inspector in the employ of Lekoa Town Council, Orange-Vaal Board? -- That is true, I am employed with them.

... / COURT

COURT : Of which? -- Ontwikkelingsraad.

MR BIZOS : Perhaps you could give us how much you earned that made you satisfied with the rent you are paying? -- I was earning R400,00 per month.

Did you have a vehicle alotted to you? -- No, I did not have one.

HERONDERVRAGING DEUR MNR.JACOBS : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - -

HOF : Mnr. Jacobs, u moet dit ernstig oorweeg om nie aan ons getuienis voor te lê wat nie in geskil is nie. Die kruisondervraging van Mahlatsi was glad nie op hierdie punt waar hy aangeval is van twee kante deur twee hordes en waar hy moes vlug nie. Ek kan nie die nut sien waarom hierdie getuienis aan ons voorgelê word nie.

MNR. JACOBS : Ek het net gedink aan algemene stawing vir Mahlatsi ... (Hof kom tussenbei)

HOF : En as dit dan nie op gekruisverhoor word, dan aanvaar ek dat dit nie betwis is nie. As dit dan later betwis is, sal ek my afleidings daarvan maak, maar ek wil nie getuienis hoor wat - oor aspekte wat nie in geskil is nie en ek dink u moet dit ernstig oorweeg by al u getuies vorentoe, want hierdie kwessie van die huur was bloot 'n nagedagte by hierdie getuie.

MNR. JACOBS : Ek roep Sidwell Molontoa. Die getuie salgetuienis gee dat op 'n stadium in Septembermaand - ag, Augustusmaand 1984 dat Esau Raditsela en sekere ander persone by hulle gekom het en gesê het hulle moenie huishuur betaal nie.

SIDWELL MOLONTOA, v.o.e. (Deur tolk)

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Molontoa, gedurende Augustus 1984 het 'n persoon, Esau Raditsela, na jou huis

... / toe

toe gekom saam met ander mense? -- Ja.

HOF : Waar is u huis geleë? -- In Sebokeng.

MNR. JACOBS : Het u hierdie ander persone geken? -- Ek het hulle die dag vir die eerste keer gesien wat hulle my besoek het.

Wat wou Esau en die ander persone by jou gehad het? -- Die persoon van die klomp wat met my gepraat het, was Esau. Hy het met my oor die huurgelde gepraat.

Wat het hy met jou gepraat? -- Wat hy vir my gevra het was my opinie oor die huurgelde wat verhoog word en wat sê ek daaromtrent en die werk is skaars, maar die huurgelde bly verhoog word.

En toe wat sê jy vir hom?-- Waarop ek toe in antwoord gesê het ek het geen probleme aangaande die huurgelde nie. Dit is nie vir my moeilik nie.

Wat het hy toe gesê omtrent die betaal van huurgelde? -- Na ons met mekaar gepraat het oor die kwessie van die huurgelde en die betaling daarvan het hy toe vir my gesê dit is goed, want dit lyk vir hom ons verstaan nie mekaar nie, maar hy verplig nie vir my met dit wat hy sê nie.

Wat verplig hy jou nie, het hy gesê? -- Dat ek moet aansluit in hierdie geval waar die huurgelde bespreek word omtrent die verhogings.

En toe? -- Daarna is hy saam met sy mense weg.

Het sy mense enigiets te sê gehad? -- Nee, hulle het niks gesê nie.

Het hulle net die hele tyd stilgebly? -- Al wat hulle gesê het daar in my teenwoordigheid aan hom was "Kom ons loop."

Sien jy die mense in die hof? -- Weens die volgende redes, in die eerste plek is dit baie lank gelede wat dit gebeur het en hier sien ek vreemde mense vir die eerste keer en dit

... / is

is lank terug wat ek hulle gesien het, dit is ook nie mense wat ek geken het van sien nie, is ek nie in staat om die mense te herken as ek hulle weer sou sien nie.

Op 20 Desember 1984 het die polisie by monde van adjudant-offisier Van Niekerk by jou gekom met 'n foto-album waarin daar 105 foto's was? -- Wat ek onthou is, ek was gehaal en geneem na die kantore toe, by die mense se kantore in Vereeniging.

Was daar 'n foto-album aan jou getoon met foto's in, 'n groot klomp foto's, 105 van hulle? -- Ja.

Die foto's, het hulle geen name by hulle gehad nie? -- Ja.

Net nommers op die agterkant daarvan? -- Ek het nie opgelet of daar nommers was nie.

Was u toe gevra om deur hierdie foto-album te blaai en te kyk of jy die mense kan identifiseer wat daar by jou was? -- Ja.

Het jy toe twee mense daar geïdentifiseer? -- Ja, twee persone wie se foto's daarin verskyn het, se gesigte het ek herken as die twee persone wat ook by was.

Saam met Esau? -- Ja.

Het enigiemand jou gehelp of die persone uit te wys of het jy dit uit jou eie gekies? -- Ek het uit my eie gekyk.

Ek het 'n foto-album wat die Hof net na kan kyk as die Hof dit wil volg.

<u>HOF</u> : Wat wil u hê moet ons na kyk, want as ons daarna kyk, moet ek dit inneem as 'n bewysstuk en ek wil nie dinge inneem as 'n bewysstuk wat nie ter sake is nie? Is dit al 105 wat ons nou moet inneem as 'n bewysstuk?

<u>MNR. JACOBS</u> : Ek gaan net aan hom die oorspronklike toon en die twee foto's aan hom uitwys wat hy daar uitgewys het.

<u>MR BIZOS</u> : With the greatest respect, I have not heard yet of any basis on which extra-judicial identifications become

... / evidence

evidence if there cannot be an identification in court. My Learned Friend is at liberty, if he wants to, to show the album to the witness. I have no instructions on the matter yet, but the way to do it is to try the witness on the album to see whether he can point them out or not.

COURT : Not in my presence. There are 105 photographs. The witness can have a look at the photographs over the adjournment and then tell me after the adjournment.

WITNESS STANDS DOWN.

COURT ADJOURNS UNTIL 28 APRIL 1986. (11)

- - - - - - - - - -

**DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989**

### *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**

### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

### *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-I1-10-71**
*Document Title:-* **Vol 71 p 3785-3826. Witnesses: Motsoening, Crous, Pharka, Molontoa**